

HOOFSTUK 21

Die engele

Die mens is nie die enigste skepsel wat God gemaak het om Hom te aanbid en te verheerlik nie.

- Die Bybel leer ons dat God ook engele gemaak het.
- Die engele mag nie deur die mens aanbid word nie omdat hulle ook skepsele is soos ons.
- Die engele is hemelse wesens wat voor die Here in die hemel en ook op die aarde werk.
 - Die Hebreeuse woord vir *engel* is *melek*. Dit beteken *bode/gesant*.
 - Die Griekse woord is *angelos* wat beteken *boodskapper*.

In die Nuwe Testament word 175 keer na engele verwys.

- 24 keer in die Evangelies
- 21 keer in Handeling
- 28 keer in Paulus se briewe
- In die boek Openbaring byna op elke bladsy

Ons ken verskillende soorte soorte engele.

Die eerste groep is die aartsengele. Ons ken twee van hulle:

- **Migael** – Judas vers 9
 - Sy naam beteken *Wie is soos God?*
 - Migael werk altyd waar die Lig en die duisternis bots – Daniël 12:1.
 - Hy tree op as 'n veggeneraal teen die bose magte – Judas vers 9; Openbaring 12:7.
- **Gabriël** – Lukas 1:19
 - Sy naam beteken *Man van God*.
 - Hy is naby aan God en word as die Here se boodskapper gebruik – Daniël 8:16; 9:21.
 - In die Nuwe Testament kondig hy die geboorte van Johannes die Doper (Lukas 1:19) en dié van die Here Jesus (Lukas 1:26) aan.

Die tweede groep is die gerubs en die serafs.

- **Gerubs**
 - Dit is hulle wat op die versoendeksel van die ark is.
 - Hulle werk is hoofsaaklik om die eiendom van God te bewaak. Hulle moet byvoorbeeld die Paradys bewaak – Genesis 3:24.
 - Hulle is die draers van God se troon – Esegël 9:3; 10:1-22; Esegël 1:8.
 - God word deur die gerubs begelei – Psalm 18:11.
- **Serafs**
 - Sover ons weet, is hierdie groep hoofsaaklik God se boodskappers.
 - Hulle naam is afgelei van 'n woord wat *brand* beteken. Daarom brand hulle die onheiligheid weg van die profeet wat JHWH mag sien.

Die derde groep word genoem: trone, heerskappye, owerhede en magte.

- NB: Daar is dus meer geestelike skepsele as net die gewone engele, maar ons het geen sekerheid oor hulle nie. Ons lees byvoorbeeld ook van die troongeeste.
- Ons lees van hierdie groep in Kolossense 1:16. Die bedoeling is bloot dat die Here openbaar dat daar meer wesens in die geesteswêreld is as net die engele wat ons dikwels in sy openbaring raakloop.

Die laaste groep is die **bose engele**

- Hulle was almal goeie volmaakte engele maar het tydens die sondeval in die hemel teen God in opstand gekom – Openbaring 12.
- Volgens Openbaring 12 is hulle ’n derde van die totale engelekorps.
- Hulle het uit hulleself gesondig omdat hulle hoogmoedig was – Judas vers 6.
- Die bose engele is goed georganiseer en val die kerk van die Here aan – Efesiërs 6:12.

Die aard van die engele

Engele het liggame soos mense, maar dit is net geestelike liggame.

- Ons weet dat die engele vlerke het.
 - Die serafs het byvoorbeeld ses vlerke – met twee bedek hulle hulle oë, met twee vlieg hulle en met twee bedek hulle hulle voete.
 - Onder die gerubs is daar ’n verskeidenheid – sommiges het ses vlerke soos die serafs, terwyl daar ook ander is met vier vlerke en nog ’n groep met twee vlerke.
- Die engele is intelligente wesens.
 - Hulle het verstand – Psalm 103:21; 1 Petrus 1:12.
 - Hulle het krag – Psalm 103:20.
 - Hulle het wysheid – 2 Samuel 14:20.
 - Hulle kan praat – Lukas 1:10; 1 Korintiërs 13:1.
 - Hulle kan bly wees – Lukas 15:10.
 - Hulle is nuuskierig 1 Petrus 1:12.
 - Hulle kan bid – Hebreërs 1:6.

Getal engele

- Daar is baie. Daniël 7:10: *“Duisend maal duisende het hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan.”*
- Hulle trou nie en word nie meer nie. Hulle het dus ’n vaste getal.

Die werk van die engele

- Hulle dien die Here – Job 1:6.
- Hulle loof God dag en nag – Jesaja 6:2, 3; Openbaring 5:11.
- Hulle is getuies by die skepping – Job 38:7.
- Hulle bewaak die toegang na die Paradys toe – Genesis 3:24.
- Hulle verskyn in drome aan mense – *“En hy het gedroom—daar is ’n leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die hemel reik, terwyl die engele van God daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het.”* – Genesis 28:12 AFR1953.
- Josua word deur ’n engel ondersteun – Josua 5:13.
- In Getsemané het ’n engel die Here Jesus versterk – Lukas 22:43.

- Paulus word deur 'n engel moed ingespraak – Handeling 27:23, 24.
- Die pesepidemie by Jerusalem word deur 'n engel tot 'n einde gebring – 2 Samuel 24:16-17.
- Petrus word deur 'n engel uit die tronk bevry.
- Hulle beskerm die kinders – Matteus 18:10.
- Hulle stry teen die satan en die duiwels.
- Hulle is boodskappers.
- Hulle bewaak God se eiendom – Psalm 91.
- Hulle is aanwesig in die erediens – Hebreërs 12:22-24.